

# SKOOLASSESSERINGSPLAN EN ONDERWYSERS-ASSESSERINGSPROGRAM

## DOEL:

Die skool se assesseringsplan en die onderwyser se assesseringsprogram is formele planne vir assessering van 'n vak. Die onderwyser moet die kwartaallikse assesseringsprogram van sy/haar vakke by die kurrikulumkoördineerder inhandig aan die begin van elke kwartaal. Die skool-assesseringsplan moet aan die ouers en leerders verskaf word binne die eerste week van elke kwartaal.

Die assesseringsplan en –programme moet so gestruktureer wees dat alle assesseringstandaarde gedek is. Al die leerders moet al die take wat in die assesseringsprogram gespesifiseer is, voltooi.

## DIE PROSES:

<b>PERSONE VERANTWOORDELIK</b>	<b>AKSIES</b>	<b>MOONTLIKE TYDRAAMWERK</b>
Skoolhoof / Gedelegeerde	Maak seker dat alle rolspelers goed ingelig is oor die proses van 'n formele assesseringsplan vir elke vak	Begin van die jaar
Vakhoofde	Verseker dat alle werkskedules voltooi is sodat 'n formele assesseringsprogram opgestel kan word	Kwartaalliks
Vakonderwyser	Stel 'n voorlopige assesseringsprogram vir elke vak op vir die jaar en maak seker dat die minimum hoeveelheid opgetekende assesseringstake, sowel as 'n verskeidenheid vorme van assessering in die werkskedule vervat is	Kwartaalliks
Vakonderwyser	Stel 'n formele assesseringsprogram op n.a.v. die werkskedule en gee datums vir assesseringskoördineerder	Eerste dag van elke kwartaal
Assesserings-koördineerder	Stel assesseringsprogram op vir die hele skool en gee kopie aan leerders en ouers, ook op Communicator	Aan die einde van die eerste week van elke kwartaal

## PLAGIAAT:

Let asseblief daarop dat plagiaat in 'n baie ernstige lig beskou word en besliste gevolge t.o.v. punte behaal, inhou.

## OORSPRONKLIKHEID VAN LEERDERS SE WERK

- Die afskryf van werk vanaf ander en/of indringende ouer- of ander hulp dra nie by tot 'n leerder se ontwikkeling t.o.v. vaardighede en bekwaamhede nie.
- Plagiaat in enige vorm (werk afgeskryf uit bronne, of van 'n leerder, of inligting van die internet afgelaai of gekopieer) is 'n ernstige oortreding en sal nie geduld word nie.
- Alle bronne wat gebruik word in opdragte moet erken word in 'n behoorlik geformuleerde Bibliografie of Bronnelys.

## STAPPE EN GEVOLGE VAN PLAGIAAT

- Die opvoeder moet bewys van plagiaat lewer.
- Die bewyse, asook 'n brief, gaan aan die ouers.
- Die leerder mag die taak oornag oor doen.
- Die leerder verbeur 25% van die taak se totale punt (total waaruit die taak tel).